durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

16 - 31 Augustus 2025

17 Augustus 2025

9:00	**@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Leon Tait* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert*
17:00	**Regeneration Kuier**

Deuroffer: Magdalenahuis

24 Augustus 2025

9:00	**@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Jannie le Roux* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert*
18:00	**@6 Diens (Ouditorium)** *Pieter Truter*

Deuroffer: Menges Gesin: Duitsland

31 Augustus 2025, Bybelsondag

9:00	**@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Eric Swanepoel* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert*
18:00	**@6 Diens (Ouditorium)** *Dian Keyter*

Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds

7 September 2025, Doop, Nasionale Biddag vir Dowes

9:00	**@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Leon Tait* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert*
18:00	**@6 Diens (Ouditorium)** *Pieter Truter*

Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds

GEBEURE OORSIG:

17 Aug: Regeneration Kuier 17:00
18 Aug: Kerkraadsvergadering
20 Aug: Seniorhulpwerkers
21 Aug: Ringsontbyt
22 Aug: Regeneration Activation
23 Aug: Ouerskap Praatjie
29 Aug: Glow BIG (Gr. 4 - Gr. 6)
29 - Aug: TGIF Mannekamp

3 Sept: Nuwe lidmate Verwelkoming
7 Sept: Doop, Oupa & Ouma dag
9 Sept: Doopkategese
13 Sept: Leiersberaad

Geloofsbelydenis van Nicea - 1700 jaar (325 -384 n.C)

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge; en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:

Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.

Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword; Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig; Hy het gely en is begrawe.

Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar.

Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak.

Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik.

Hy het deur die profete gespreek.

Ons glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk.

Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.

Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.

Amen

6de eeu manuskrip van die Belydenis

Konstantyn die Grote saam met biskoppe wat die Belydenis vashou - hier uitgebeeld in die jaar 381.



Hierdie jaar vier ons 1700 jaar later die woorde van die geloofsbelydenis van Nicea.

Om te dink ons herhaal steeds die woorde van so lank gelede.

Ons eie Blikskud Band sing die kerk aan dans!!

Vanuit die Uitreikkantoor ...

Wanneer die kerk stiller raak en leeg lyk in die vakansie is daar steeds baie dinge aan die gang.

Op die foto links sien ons waar daar oral kerk gehou is gedurende die vakansie.

Dit is ons voorreg om deel te wees van hierdie geloofsgemeenskap en ook op ander plekke te gaan bedien. Nie vir onsself en wat ons daaruit kry nie, maar vir wat dit vir ander beteken.

Baie keer sien mens nooit die vrug nie, maar die saadjies is gesaai.

Daar is R15 000 ingesamel met die Blikskud Band se vertoning. Foto: Bo– Lede van die band ontspan.

Maak nou nie saak of 'n Suid-Afrikaner in Mosambkiek, Thailand, Loeriesfontein of Msinga sit nie - wat doen hulle??

Hulle almal kyk rugby wanneer die Springbokke speel. Op die foto regs geniet almal die saamwees en ontspan bietjie.

Ouerskap oggend 23 Augustus 2025 10:00

Dr Serahni Symington kom gesels met ons oor ouerskap en hoe hanteer ouers hulle kind met uitdagings as 'n span.

Dr Serahni het haar PhD in Sielkunde verwerf aan die Universiteit van Noord-Wes. Sy gesels gereeld oor Radio Tygerberg en skryf vir Finesse tydskrif op 'n huweliks en ouerskap blog. Sy is getroud en is 'n ma van 'n twee.

Kom geniet die gratis oggend saam met ons by Durbanville-Bergsig Kerk.

10:00 – 11:00 Dr Serahni / 11:00 – 12:00 drink saam tee en koffie

RSVP by Liezl – versorging@bergsigdv.co.za

Bergsig se finansies

Die kerk se oudit is afgehandel en die finansiële state is in die voorkantoor beskikbaar vir besigtiging.

Ons kommunikeer gereeld oor die Binnespoor (Bedryfskant van die begroting - in 'n Maart & Oktober) en Buitespoor (Uitreike in 'n Julie/Augustus maand.) Dit is vir ons belangrik dat die lidmate ingelig is en die kerk se finansies verstaan.

Ons is die Here dankbaar vir sy voorsiening en soveel mense wat bydra en hard werk in die Koninkryk. Lid-mate, aangestelde personeel en selfs besoekers.

Ons gee alle eer aan Hom.

Navrae: Nardus Smit (Finansies Kommissie Voorsitter) 084 261 2766

Kreatiewe Kerk Offergawes - Strikdassie

Ons volgende generasie pannekoek-bakkers is goed opgelei. Die Saterdagmiddag net voor die Blikskud Band se vertoning staan die drietjies en gesels en bak pannekoek dat die kaneel so spat. Hierdie het bygedra tot die reuse bedrag wat ingesamel is.
Op die foto: Mira Beket, Ané Steenkamp, Karla Meiring

Interskole Diens - 10 Augustus 2025

Daar was ‘n reusagtige GROOT interskolediens, verlede Sondagaand, by Bergsig kerk gehou. Verskillende skole het dit bygewoon. Die kerk het uit sy nate gebars. Ons kon nie almal tel nie.

Elke hoekie en gaatjie van die ouditorium was gepak. Om 18:00 was daar nog ‘n string karre wat staan en wag in Lubbe straat al die pad vanaf Stellenberg. Ons raai hier was ‘n rapsie meer as 800 kinders wat bedien was.

Die diens het nie sonder probleme begin nie! Die krag het afgeskop en wat ‘n konsternasie was dit nie. Lanklaas het soveel mense rondgeskarrel om die probleem te soek.

Die orkes was ook saamgestel uit verskillende kerke en skole se kinders wat saam bedien het onder leiding van Stephanie Steenkamp.

Dit was ’n baie geseënde diens en glo ons die Woord het kinders se harte aangeraak.

Alle eer aan die Here.

Kuns Oase

By hierdie geleentheid het die vroue rustig rondom die Woord kuns beoefen en mekaar beter leer ken.

Plaasakkomodasie beskikbaar gedurende die 2025 blommeseisoen. R600 per nag. Loeriesfontein. Kontak 0832592470.

SERVICES:
- 24/7 Roadside assist (truck/cars/forklifts/construction/ agricultural/earth moving)
- Alignment passenger & truck
- Mobile alignment on site
- Fleet management / fleet surveys
- New tyres (all brands) truck/cars/motorbikes/forklifts/ construction/agricultural/ earth moving
- Suspension fitment
- Balancing
- Punctures & repairs
- Towbars/bull bars/battery chargers
- Deepcycle batteries (car & truck)
- Car batteries
- Rims
- Truck retreads
- Fitmens: shocks/tie rods/cv joints/control arms/suspension lifts/airbags

JACQUES DE WET
079 696 6257

TYRE CHOICE CC
Tel: 021 981 2204
Unit B6, Brackenfell Business Park
Cnr Old Paarl Road & Chrome Street
13707 Old Paarl Rd, Northpine, Cape Town, 7560
Show voucher and get alignment for free!!!
T's & C's:
* Buy 4 tyres or other services equal to R 3000 and more to receive wheel alignment for free

Vennootskap: Durbanville Kinderhuis no. 12 - regmaak en mooimaak



Na die TV-program, In die sop wat Bertus Basson aanbied, kon Bergsig nie anders as om ook in te spring nie. Ons het die laaste huisie gekry om oor te doen word.



'n Sokker tema is deurgaans gebruik om die huisie op te vrolik..

Daar is opgeruim, geverf, herstelwerk gedoen.



Meer hande maak ligte werk!

Voorbereiding is gedoen voor die finale afrondingswerk kon plaasvind.



BELYDENISKLAS 2025

Dis nie elke Belydensklas wat kan sê hulle het in die kerk oorgeslaap nie. Onlangs het die groep tyd spandeer voor hulle later vanjaar Belydenis van Geloof aflê.

DR. Wynand Breytenbach - vroeër vanuit Bergsig en tans werksaam in Nederland as predikant, het sy PHD verwerf die afgelope week. Baie geluk en seën Wynand op jou pad.

GLOW-RAVE

Dit is elke jaar vir die kinders so lekker om saam met hul ouers en maats by die kerk te baljaar.

NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

Facebook: Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

Straatadres: H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

Posadres: Posbus 479, Durbanville, 7551

Kantoor-ure: Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

Bankbesonderhede: NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com